

Lees die artikel aanlyn: [https://issuu.com/leanacoetzee/docs/kommunikie\\_apr\\_mei\\_final\\_e](https://issuu.com/leanacoetzee/docs/kommunikie_apr_mei_final_e)  
(bladsy 45 en 46)

# Werk saam vir topgehalte waternavorsing

Sarah Slabbert, Nadja Green en Isobel van der Stoep


In 'n omgewing waar water skaars is en elektrisiteit duur, is die hoogste opbrengs met die minste water 'n belangrike doelwit vir besproeiingsprodusente. Om hierdie doelwit te bereik, moet produsente weet wat is die watergebruik van verskillende gewasse en kultivars. Watter gewasse en kultivars is droogtebestand? Is daar nuwe kultivars wat meer droogtebestand is? Wat is die beste besproeiingskredule vir bepaalde gewasse, kultivars, klimaatsomstandighede en grondtoestande?

Dit is die taak van landbounavorsing om die nodige antwoorde en oplossings te verskaf, maar Suid-Afrikaanse en internasionale navorsingsorganisasies sit egter met dieselfde probleem: hoe kry 'n navorsingsorganisasie die antwoorde en oplossings by produsente uit en verseker dat dit in 'n formaat is wat hulle kan gebruik?

'n Onlangse studie van die Waternavorsingskommissie (WNK) het die kennisnetwerke van kommersiële besproeiers in vier watergebruikersverenigings aan die Oranjerivier ondersoek met die doel om 'n kommunikasiestrategie vir die WNK te ontwikkel wat die bogenoemde probleem aanspreek. Die navorsing het gefokus op doeltreffende waterbestuur en die rol van watermeting in hierdie verband.

Die studie het bevind dat die WNK navorsingsvennootskappe met die produsente en hulle kennisnetwerke moet sluit om te verseker dat navorsingsresultate by die eindgebruiker uitkom en bruikbaar is.

Kommersiële besproeiers steun sterk op die kundigheid en raad van hulle adviseurs soos die grafiek hieronder illustreer.



Figuur 1: Die kennisbronne van kommersiële besproeiers in die vier watergebruikersverenigings

Adviseurs sluit in koöperasies soos GWK en OVK, en produsente-organisasies soos die Suid-Afrikaanse Tafeldruive-industrie (SATI), Droëvrugte Tegniese Dienste (DTD), die Sitrusprodusentevereniging van Suider-Afrika (CGA), Vinpro, die Proteïnnavorsorgingstigting, die Suid-Afrikaanse Pekanneutprodusentevereniging (SAPPA), Oranjerivier Wynkelders (OWK), en Katoen SA.

Hierdie organisasies doen hulle eie navorsing, dikwels in samewerking met universiteitsdepartemente. Die navorsing word onder andere befonds deur ledegeld. Op hierdie manier is kommersiële besproeiërs dus reeds navorsingsvennote. Kommersiële besproeiërs dra ook by tot die navorsing van die WNK deur die navorsingsheffing wat hulle aan Waterwese betaal.

Die leierprodusente in elke streek dra nie net by tot navorsing nie; baie doen ook hulle eie navorsing. In die studie het verskeie produsente vertel van hulle navorsing oor byvoorbeeld grondkwaliteit en waterretensie of die eksperimente wat hulle doen vir saadverskaffers of produsente-organisasies. Alhoewel hierdie eksperimente tydrowend is, het dit die voordeel dat dit die produsent toegang gee tot die resultate.

Daar is dus baie potensiaal vir strategiese navorsingsvennootskappe tussen produsente, produsente-organisasies, koöperasies, die WNK, en universiteite, navorsingsrade en waternavorsingsmaatskappye.



*Figuur 2: Strategiese vennootskappe in landbounavorsing*

Hierdie strategiese vennootskappe kan topgehalte navorsing produseer omdat hulle die sterkpunte van elke rolspeler bymekaarbring:

1. Produsente-organisasies en koöperasies ken en verstaan die veranderende kennisbehoefes van hulle lede. Hierdie organisasies werk saam met eksterne adviseurs of hulle het hulle eie interne adviseurs wat navorsingsresultate kan interpreteer en vertaal in werkbare oplossings vir die produsente. Hulle beskik ook oor die kommunikasienetwerk om produsente ingelig te

hou oor die nuttigste navorsing – Wat was die resultate? Wie het die navorsing gedoen? Wie kan mens kontak om meer hiervan uit te vind?

2. Die Waternavorsingskommissie het die kapasiteit om navorsingsprojekte te befonds en baie jare se ervaring in die bestuur van navorsingsprojekte en kwaliteitskontrole.
3. Universiteitsdepartemente, navorsingsrade en waternavorsingsmaatskappye beskik oor die nodige wetenskaplikes en navorsingskundigheid.
4. Produsente as navorsingsvennote sal verseker dat oplossings prakties haalbaar is op plaasvlak.

Daar is reeds suksesverhale van sulke vennootskappe:

Die WNK en SAPPA is besig met 'n navorsingsprojek wat die watergebruik van pekanneutbome in die Noord-Kaap ondersoek. 'n Vorige studie oor hierdie onderwerp het net op die Cullinangebied gefokus. Volgens 'n raadslid van SAPPA het GWK 'n paar jaar gelede werkswinkels oor die besproeiingskedulering van pekanneutbome gehou. Dit was duidelik uit die werkswinkels dat daar baie gerugte en onsekerhede oor die watergebruik van pekanneutbome in die Noord-Kaap was. GWK het die WNK genader om navorsing oor die watergebruik van volwasse bome in die Vaalhartsbesproeiingskema en die gebied tussen Boegoeberg en Uppington te befonds en so het die projek ontstaan.

Die tweede suksesverhaal gaan oor 'n vennootskap tussen die WNK en die navorsingsarm van die Sitrusprodusentevereniging, CRI. Die twee organisasies het saamgewerk om die watergebruik van verskillende sitrustipes en verskillende kultivars in elke groeifase van die plant te ondersoek. Die projekteier het vertel dat hulle transpirasie gemonitor het om die werklike watergebruik van die sitrusbome te bepaal. *Die studie is uniek in dié opsig dat dit die watergebruik bepaal het van Suid-Afrikaanse praktyke, ons omstandighede, ons kultivars. Dit was ook 'n langtermynstudie wat omvattende data gegenereer het – vir twee jaar lank is lesings elke twee uur geneem! Dit is baanbrekerswerk. Hierdie inligting bestaan nie.*

Die bevindings van hierdie navorsing is gedeel met verskeie organisasies, adviseurs en die CRI-studiegroepe. Met die studiegroepe het die CRI probeer om die produsente toe te rus met die kennis wat hulle nodig het om die regte vrae wat hulle vir adviseurs kan vra. As die leser sou belangstel in die verslae, kontak gerus vir Dr Sylvester Mpandeli ([sylvesterm@wrc.org.za](mailto:sylvesterm@wrc.org.za)).

Die suksesverhale stel die voorbeeld. Al wat die rolspelers moet doen, is om die voorbeelde te volg en die geleenthede te gebruik.

Strategiese vennootskappe is die enigste manier hoe ons topgehalte waternavorsing vir die landbousektor in Suid-Afrika kan lewer. Hierdie navorsing is dringend nodig om voedselsekerheid in die lig van klimaatsverandering en 'n groeiende bevolking te verseker.

*Dr Sarah Slabbert en Nadja Green is van BHI32 en Isobel van der Stoep is van Isowat.*